

5 November

Skrifgedeelte: 1 Konings 8:41-43, 54-61
Fokusgedeelte: 1 Konings 8:60

Wat is die belangrikste?

In die tyd van Salomo was daar net een volk gewees wat kon sê dat hulle die spesiale en uitverkore volk was. Dit is die volk van Israel. God het 'n spesiale belofte aan hulle gemaak, dat Hy vir hulle 'n God sal wees, en hulle vir Hom 'n volk. In die tyd van Salomo, terwyl hy as koning die volk gelei het, het daar in Israel 'n ongekende gevoel van gehoorsaamheid geheers. Onder sy leiding het die volk na die Here toe teruggekeer, daar was 'n grootskaalse herlewing en omkeer in die harte van die volk Israel te bespeur.

Dit maak Salomo se smeekgebed en seën soveel meer spesiaal. Dat hy uitdruklik noem dat almal voor God moet buig, dat almal moet weet dat God die Here van hemel en aarde is. Hierdie woorde word soveel later deur ons Here Jesus op sy dissipels se harte gedruk: Matteus 28:19-20: "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."

Wat is die belangrikste vir ons? Om ons eerste prioriteit, om God se volk te wees, uit te leef. Om ons broers en susters in die geloof, onder al die nasies, te gaan opsoek, te versterk, te deel, saam te werk. Dit is die opdrag van die Here af. Dat almal voor sy Almag sal buig.

Gaan ons nie eendag in elk geval almal saam God vir ewig in die hemel loof en prys nie? Ons is eerstens Christene, gelowige kinders van God, die res kom eers daarna. Dan sal al die volke van die wêreld besef die Here is God, daar is nie 'n ander nie!

Sing: Psalm 103:1, 7

Ds. SJL (Lohan) Linde (Pretoria-Wonderboom-Suid)